



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2**

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 11 bladsy-antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Formuleblad word aan die einde van die vraestel voorsien.
4. Toon AL die berekeninge om deelpunte te verdien.
5. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vrae beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Versoeningstate	Bankversoeningstaat Krediteursoeningstaat Interne kontrole

VRAAG 2: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Begrippe Algemene Grootboek Vertolking

VRAAG 3: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrotings, geprojekteerde inkomstestaat en interne beheer	Begrippe Debiteure-invorderingskedule Begroting Bateverkope Interne kontrole en etiek

VRAAG 4: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Periodieke voorraadstelsels en BTW	Begrippe Basiese berekeninge van koste van verkope BTW-begrippe BTW-berekeninge

VRAAG 1: VERSOENINGS**(40 punte; 30 minute)**

Die volgende inligting beskryf sommige van die banktransaksies van Kenny Winkels vir Oktober 2019.

OPDRAG:

- 1.1 As interne ouditeur van Kenny Winkels moet jy aan die nuwe werknemer die volgende verduidelik:
- 1.1.1 Waarvoor staan die afkorting "V/T" wanneer 'n tjek deur die bank teruggestuur word? (1)
- 1.1.2 Noem EEN interne kontrolemaatreef wat die eienaar kan instel om te verseker dat die boekhouer gereeld die kontant gaan deponeer. (2)
- 1.1.3 Noem TWEE redes waarom 'n tjek deur die bank geweier kan word. (4)
- 1.2 Ontleed die onderstaande transaksies in die gegewe kolom in die antwoordboek. Toon bedrae in al die toepaslike kolomme. (Selfs as van geen inskrywing gebruik gaan maak.) (18)

Voorbeeld:

'n Deposito van R2 400 verskyn in die Kontantontvangstejoernaal, maar nie op die bankstaat nie.

Nr.	Kontantjoernale		Bankversoeningstaat		Geen inskrywing
	KOJ	KBJ	Debiet	Krediet	
Vb.				2 400	

INLIGTING:

Die volgende transaksies het gedurende Oktober plaasgevind:

Transaksies:

- Die bankstaat het 'n oortrekking van R3 640 getoon op 31 Oktober 2019.
- Tjek nr. 324 ten bedrae van R580 was op 14 September 2019 ten gunste van Truli Winkels uitgereik en op 6 Oktober 2019 by die bank vir betaling aangebied.
- 'n Tjek vir R1 672, voorheen van 'n debiteur K.Kim ontvang, is van die bank terugontvang, gemerk V/T. Die tjek is vooruitgedateer vir 2 November 2019.
- 'n Huurder het sy huurgeld direk in die lopende bankrekening van die onderneming gedeponeer, R1 440.
- Die bankstaat toon 'n tjek korrek as R1 096. Die Kontantbetalingsjoernaal het egter dieselfde tjek as R960 getoon. Stel die fout reg.

6. Tjek nr. 322 vir R850 is aan D. David ter vereffening van 'n rekening van R900 uitgereik. Hierdie transaksie is per abuis uit die kontantjoernaal weggelaat en die tjek was nie teen 31 Oktober 2019 by die bank aangebied vir betaling nie.
7. Tjek nr. 295 vir R3 700 is op 29 September 2019 aan Jason Handelaars uitgereik. Die tjek het in die pos verlore geraak. Die tjek moet gekanselleer word en tjek nr. 351 moet uitgereik word om die tjek te vervang.
8. Rente op 'n vaste deposito R1 500 verskyn op die bankstaat.
9. Die bank het die rekening van die onderneming gekrediteer met rente op die lopende rekening, R224.
10. Die bankstaat toon 'n tjek nr. 888 vir R239. By nadere ondersoek is vasgestel dat dit 'n tjek van Penny Winkels is. Stel die fout reg.

1.3 KREDITEUREVERSOENING

Panini Handelaars koop goedere op krediet by Serena Verskaffers.

GEVRA:

- 1.3.1 Toon die veranderinge in die saldo van die Krediteuregrootboekrekening en die saldo van die staat vir elkeen van die verskille hieronder aangedui. Dui aan of die bedrag moet bygetel word (+) of afgetrek word van (-) die gegewe saldo's. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK. (12)

1.3.2 Verwys na inligting vi):

By nadere ondersoek is vasgestel dat hierdie goedere bestel is deur die eienaar vir sy persoonlike gebruik. Watter advies kan jy, as interne ouditeur, gee aan die eienaar aangaande die aankoop van goedere deur die besigheid se rekening? Verwys na 'n AARP-beginsel in jou verduideliking. (3)

INLIGTING:

A	Saldo verskuldig aan Serena Voorsieners op 30 Junie 2019 volgens die rekening in die Krediteuregrootboek van Panini Handelaars beloop R87 320 (Kt)
	Saldo verskuldig deur Panini Handelaars op 26 Junie 2019 volgens die rekeningstaat ontvang van Serena Voorsieners beloop R95 400 (Dt).

B Addisionele inligting en verskille:

- (i) 'n Betaling van R6 500 deur Panini Handelaars is uitgelaat in die Krediteuregrootboekrekening van Serena Voorsieners en op die rekeningstaat ontvang.
- (ii) 'n Faktuur vir R14 300 ontvang van Serena Voorsieners is korrek aangeteken deur Panini Handelaars. Die rekeningstaat toon die faktuur as R13 400.

- (iii) Panini Handelaars het R800 as korting vir vroeë betaling korrek aangeteken. Die rekeningstaat toon nie hierdie korting nie.
- (iv) Panini Handelaars het 'n debietnota vir R1 250 foutiewelik aangeteken in die krediteuregrootboekrekening van Serena Verskaffers. Dit was goedere teruggestuur aan 'n ander verskaffer.
- (v) 'n Kredietnota vir R2 000 ontvang van Serena Verskaffers vir afslag toegestaan, is deur Panini Handelaars foutiewelik aangeteken as 'n faktuur.
- (vi) Die rekeningstaat toon die volgende items wat nie deur Panini Handelaars aangeteken is nie:
 - Afleweringskoste vir die maand, R3 530.
 - Faktuur vir goedere aangekoop, R2 400.
- (vii) 'n Betaling van R5 000 gemaak op 28 Junie 2019 deur Panini Handelaars is aangeteken in die Krediteuregrootboekrekening van Serena Verskaffers. Die rekeningstaat is gedateer 26 Junie 2019.

40

VRAAG 2: PRODUKSIEKOSTE**(40 punte; 35 minute)****2.1 C & A CLOTHING**

Jy word voorsien van inligting rakende C & A Clothing vir die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2019. Die besigheid vervaardig sportklere vir hulle plaaslike skool.

GEVRA:

- 2.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 Junie 2019:
 - 2.1.1 Direkte materiaalkoste (5)
 - 2.1.2 Direkte arbeidskoste (6)
- 2.2 Voltooi die volgende grootboekrekeninge in die Algemene grootboek:
 - 2.2.1 Fabrieksbokoste (12)
 - 2.2.2 Goedere-in-bewerkingvoorraad (6)

INLIGTING:**A. Voorraadsaldo's:**

	30 Junie 2019	30 Junie 2018
Grondstowwe voorraad	R85 050	R62 100
Goedere-in-bewerking voorraad	R45 000	R63 900
Klaarprodukte voorraad	R68 700	R81 300

B. Transaksies gedurende die jaar:

	R
Grondstowwe gedurende die jaar aangekoop	1 914 450
Vervoer en vraggeld op grondstowwe aangekoop.	39 300
Terugsendings van grondstowwe aan verskaffers	49 050
Water en elektrisiteit	219 000
Huur uitgawe	418 000
Versekering	45 000
Instandhouding op fabriekstoerusting	29 106
Waardevermindering op fabriekstoerusting	48 585
Advertensies	38 250
Lone	?

C Addisionele inligting:

- (i) Indirekte materiaal uitgereik aan die fabriek beloop, R53 595.
- (ii) Water en elektrisiteit moet verdeel word tussen die fabriek en die verkoopsafdeling in die verhouding 3:1.
- (iii) Herstelwerk aan fabriekstoerusting ten bedrae van R2 925 is gedurende Junie 2019 voltooi, maar sal eers in Julie 2019 betaal word.
- (iv) Versekering sluit 'n bedrag van R9 000 in wat betaal is vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019. 60% van die versekering hou verband met die fabriek.
- (v) Huur was uitstaande vir die laaste maand. Die huur word volgens vloerspase verdeel. Twee derdes van die vloer-ruimte word deur die fabriek gedek=.
- (vi) Lone:
 - Daar is 10 fabriekswerkers
 - Basiese lone per maand, R6 000
 - Oortyd vir die jaar, R382 800
 - Aftrekkings en bydraes:
 - Pensioenfondsafrekkings: 8% van basiese loon
 - Pensioenfondsbydrae: 10% van basiese loon
 - WVF bydrae: 1% van basiese salaris/loon
 - Die fabrieksvoorman se jaarlikse salaris beloop R 156 000
 - Daar is 1 skoonmaker:
 - Sy ontvang R1 125 per week vir 52 weke.
 - Sy bestee twee derdes van haar tyd in die fabriek en die res van haar tyd in die verkoopsafdeling
 - Daar is 1 administratiewe klerk
 - Sy salaris per maand beloop, R 7 500. Hy het al 12 maande gewerk.

2.3 YASMIN KERSVERVAARDIGERS

Jy word voorsien van die volgende inligting vir Yasmin Kersvervaardigers aan die einde van haar tweede jaar se bedrywigheide, 30 Junie 2019. Geen voorraad was voorhande aan die begin of einde van die finansiële tydperk nie

GEVRA:

2.3.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019:

- Veranderlike koste per eenheid (2)
- Gelykbreekpunt (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt. Haal syfers aan. (2)

2.3.3 Die eienaar het besluit om die verkoopprijs vir 2019 te verhoog.

- Bereken die persentasie verhoging in die verkoopprijs. (3)

INLIGTING:

	2019		2018	
Aantal eenhede geproduseer	13 500 eenhede		16 000 eenhede	
Gelykbreekpunt per eenheid	?		2 330 eenhede	
	Prys per eenheid	Totaal	Prys per eenheid	Totaal
Verkope	R88,00	R1 188 000	R80,00	R1 280 000
Totale vaste koste		R126 896		R120 000
Administrasiekoste	R3,40	R45 900	R2,50	R40 000
Fabrieksbokoste	R6,00	R80 996	R5,00	R80 000
Totale veranderlike koste		R492 750		R456 000
Direkte materiaalkoste	R18,00	R243 000	R14,00	R224 000
Direkte arbeidskoste	R12,00	R162 000	R10,00	R160 000
Verkoops- en distribusiekoste	R6,50	R87 750	R4,50	R72 000

VRAAG 3: BEGROTING EN INTERNE BEHEER**(40 punte; 35 minute)**

Jy word voorsien van 'n onvolledig Debiteure-invorderingskedgeule en 'n uittreksel uit die Kontantbegroting van Winter Handelaars vir drie maande geëindig 30 September 2019. Die eienaar is Queen Winter.

GEVRA:

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem TWEE items wat in die Kontantbegroting voorkom, maar nie in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat nie. (2)

3.1.2 Noem TWEE items wat in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat voorkom, maar nie in 'n Kontantbegroting nie. (2)

3.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedgeule met totale vir Augustus en September 2019. (10)

3.3 Verwys na die inligting A tot H hieronder. Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantbegroting wat deur (i) –(vi) aangedui is. (17)

3.4 Queen Winter het die volgende inligting uit die vorige begrotingstydperk geëindig Junie 2019 onttrek:

	Begroot April tot Junie	Werklik April tot Junie
Telefoon	12 000	14 500
Ontvangste van debiteure	2 148 000	1 536 000
Sekuriteit	12 000	6 000

3.4.1 Lewer kommentaar op die telefoon uitgawes, ontvangste van debiteure en sekuriteit. Haal bedrae aan om jou antwoord te motiveer. Verskaf ook een oplossing om hierdie probleme in die toekoms te voorkom. (9)

INLIGTING:**A Totale Verkope**

2019		
Julie	Augustus	September
R 850 000	R 780 000	R 900 000

80% van die verkope sal na verwagting op krediet wees en die res is kontant.

B Debiteure-invorderingskedule van Winter Handelaars vir die tydperk geëindig 30 September 2019:

Maand	Kredietverkope (R)	Debiteure-invordering		
		Julie (R)	Augustus (R)	September (R)
Mei	540 000	135 000		
Junie	810 000	405 000	202 500	
Julie	680 000	132 600		
Augustus				
September				

C Verwagte invordering van debiteure:

- 20% van die debiteure vereffen hulle rekeninge gedurende die transaksiemaand van verkope sodat hulle 2½% korting vir stiptelike betaling kan ontvang.
- 50% vereffen hulle rekeninge in die maand na die transaksiemaand.
- 25% vereffen hulle rekeninge in die tweede maand ná die transaksiemaand.
- 5% word in die derde maand as oninbaar afgeskryf.

D Totale aankope

2019		
Julie	Augustus	September
R 680 000	?	?

- Winsopslag word teen 25% op kosprys bereken. Vaste voorraadvlakke van R 800 000 word gehandhaaf.
- 50% van alle aankope is kontant en die res is op krediet.
- Krediteure word twee maande na die aankoop van voorraad betaal om te kwalifiseer vir 'n 10% korting.

E Uittreksel uit die Kontantbegroting :

	Julie (R)	Augustus (R)	September (R)
ONTVANGSTE			
Kontantverkope	170 000	(i)	?
Ontvangste van debiteure	672 600		
Lening van OTM Bank (15% p.j.)	(ii)		
Kontantverkope van voertuig	(iii)		
BETALINGS			
Kontantaankope	340 000	?	?
Betalings aan krediteure	243 000	455 625	(iv)
Rente op lening	0	5 625	(v)
Terugbetaling van die lening		20 000	20 000
Lone	40 000	50 000	35 200
Versekering	6 400	6 400	(vi)

F Bateverkope

'n Voertuig met 'n kosprys van R 100 000 gaan verkoop word deur die loop van die jaar. Die maksimum opgehoopte waardevermindering is afgeskryf en die besigheid sal steeds 'n wins van R 5 000 maak.

G Lening en rente op lening:

Die rente op lening en die maandelikse leningspaaielemente is aan die einde van elke maand betaalbaar. Rente word nie gekapitaliseer nie. Die lening is op 31 Julie 2019 aangegaan.

H Versekering:

Die begroting vir versekering sal met ingang 1 September 2019 met 7% verhoog.

40

VRAAG 4: BTW EN PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL (30 punte; 20 minute)

- 4.1 Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die boeke van Guan Kosmetiese en Modewinkel, 'n geregistreerde BTW-verskaffer vir die twee maande geëindig 30 November 2019.

GEVRA:

- 4.1.1 Kies die korrekte woord/frase van die gegewe alternatiewe om die sinne te voltooi. Skryf slegs die woord/frase teenoor die vraagnommer (a tot d), in die antwoordboek.

ONTDUIKING; NULKOERS-BTW; INSET-BTW; VERMYDING; UITSET-BTW; VRYGESTEL VAN BTW
--

- (a) _____ is BTW wat van klante ingevorder word.
- (b) Fooie betaalbaar vir onderwys is 'n voorbeeld van _____ goedere of dienste.
- (c) Belasting _____ is onwettig en strafbaar volgens wet.
- (d) _____ is BTW wat betaal word wanneer die besigheid goedere aankoop.

(4)

4.1.2 Bereken die ontbrekende bedrae (A – D) in die tabel hieronder . (8)

INLIGTING:

Die volgende transaksies het gedurende November 2019 plaasgevind:

BTW UITGESLUIT	BTW	BTW INGESLUIT
R80 000	(A)	
(B)	R21 000	(C)
(D)		R6 900

4.2 **PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL**

Die onderstaande transaksies kom uit die boeke van Thebuss Winkels.

GEVRA:

4.2.1 Ontleed die transaksies volgens die gegewe kolomme verskaf in die antwoordboek.

TRANSAKSIES:

- (i) Koop handelsware en betaal per tjek.
- (ii) Stuur handelsware terug aan 'n krediteur.
- (iii) Verkoop goedere op rekening.
- (iv) Ontvang 'n faktuur vir vraggeld op aankope. (11)

4.2.2 Die volgende inligting is uit die boeke van Tembisa Handelaars op 31 Oktober 2019 geneem. Tembisa Handelaars maak gebruik van die periodieke voorraadopname.

GEVRA:

- Bereken die koste van verkope. (7)

INLIGTING:

	R
Aanvangsvoorraad	48 000
Aankope	224 000
Verkope	350 000
Terugsendings aan krediteure	12 000
Terugsendings vanaf debiteure	43 000
Vraggeld op aankope	18 000
Vraggeld op verkope	15 300
Slotvoorraad	55 500

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORUMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Vennoot Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-bedryfslaste: Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	